Die Dammetjie

Gisteraand dieselfde as laas

Na badtyd en eettyd, hoor ek ‘n onaardse geraas

Dit klink soos ‘n onophoudende brom

Wat daar uit die hoenderhok uit kom

Ek vat toe maar die flits

Maar O gits

Dis DONKER

So vra ek maar vir Pappa want hy’s mos wys

Om wat in die hoederhok aangaan vir my te gaan wys

Want die nuuskierigheid vreet my mos op

Prentjies van gedierte maal hier in my kop

Toe nou Pappa kom ons gaan

Met my flits en die maan

Dis DONKER

Ons loop stil-stil al met die paadjie af

My pantoffel voete loop saggies maar my hartjie wil draf

Rustig maak Pappa die hoenderhok se hekkie oop

Waar ons tot by die dammetjie loop

Ek hang aan Pappa se linkerhand

En loer versigtig oor die rant

Dis DONKER

Pappa Pappa daar roep hy weer

Dit is die padda wat brul, sê my wat makeer

Hy swem alleen so om die dam se rant

Skop en spartel van kant tot kant

Hy soek ‘n maatjie vir vanaand

Net vir die aand

Dis DONKER

Ns: Ek dink tog dit is belangrik om die agtergrond van hierdie gediggie te skets. Mia was in graad twee en een Dinsdag aand net so voor slaaptyd, ek dink dit was nege uur. Eintlik na slaaptyd. Kom sy by ons en sê sy moet ‘n gedig hê wat sy Vrydag in die klas vir punte kan opsê. Wel tannie google het nie veel gehelp nie. Seinde dat ons ‘n weelderige hoeveelheid padda eiers in die dammetjie in die hoenderhok gehad het waarvan seker honderd paddavissies in ‘n fles langs Mia se bed is, het die idee vir die gedig ontstaan. Ons skryf toe sommer self een… Sal maar moet kyk hoe dit met die voordrag gaan!